018 294 6504
moria@moriatuisskool.co.za
www.moriatuisskool.co.za

Posbus 5594
Kockspark
Potchefstroom
2523

REGISTRASIEVORM 2020

- ✓ Vul die vorm in en e-pos die vorm, betaalbewys en die leerders se ID's na moria@moriatuisskool.co.za.
- ✓ Registrasievorms moet jaarliks voltooi word. Geen boeke sal versend word voor Moria u voltooide registrasievorm en betaalbewys ontvang het nie. Dieselfde vorm word gebruik vir herregistrasies. Pryslys word jaarliks opgedateer.
- ✓ As gevolg van eksamenadministrasie sal boeke nie versend word vanaf 15 September tot 27 Desember nie. Boekversendings vind plaas volgens reflektering van betalings op Moria-bankstate. Sodra u betaling by ons reflekteer, word die geld aangewend vir u boeke. Registreer dus so spoedig moontlik om daarvolgens gehelp te word wanneer boekversendings hervat.

Datum vandag:		**Vir watter akademiese jaar registreer u kinders nou?**	

OUERS BESONDERHEDE

Vader

TITEL	VAN	VOLLE NAME	ID NOMMER	NOEMNAAM

SELFOON NR	WERK NR	BEROEP	E-POS ADRES

Moeder

TITEL	VAN	VOLLE NAME	ID NOMMER	NOEMNAAM

SELFOON NR	WERK NR	BEROEP	E-POS ADRES

KONTAKBESONDERHEDE

WOONADRES:					
DORP		**PROVINSIE**		**POSKODE**	
POSADRES					

AFLEWERING ADRES VIR KOERIER					
DORP		**PROVINSIE**		**POSKODE**	
POSADRES					

NAASBESTAANDE		**NAASBESTAANDE SEL**	

LEERDERS BESONDERHEDE

- **Herregistrasie** is wanneer 'n kinders die Moriaboeke van sy ouer broer of suster gebruik, of self 'n vorige jaar herhaal. Hierdie kostes vermeerder afhangende van die hoeveelheid nuwe boeke wat gepak moet word. Dit is die verantwoordelikheid van ouers wat herregistreer om so gou moontlik 'n lys van hulle "ou boeke" se titels en ISBN nommers aan Moria te stuur. Ons sal kontroleer watter boeke nie meer gebruik word nie en 'n kwotasie uitwerk om hulle te vervang.

KEUSEVAKKE:

- **Graad 8 en 9, kies 2 vakke:**
  - Landbouwetenskap, Rekeningkunde, Bedryfsekonomie, Rekenaartegnologie, Toerisme, Tegniese tekeninge
- Ekstra koste: Duits, Frans, Spaans, Portugees, Moderne Hebreeus en/of Grieks

Leerder 1:

Van			Volle Name		
Noemnaam			ID Nommer		
Gestremdheid?	Ja	Nee	Geslag	Manlik	Vroulik
Graad waarvoor nou registreer?			Her-registrasie (merk met X)		
Afrikataal (gr. 4-7)			Jare in Afrikataal reeds voltooi:		
Keusevak 1 (gr. 8 – 9)					
Keusevak 2 (gr. 8 – 9)					
			Bedrag betaalbaar		**R**

Leerder 2:

Van			Volle Name		
Noemnaam			ID Nommer		
Gestremdheid?	Ja	Nee	Geslag	Manlik	Vroulik
Graad waarvoor nou registreer?			Her-registrasie (merk met X)		
Afrikataal (gr. 4-7)			Jare in Afrikataal reeds voltooi:		
Keusevak 1 (gr. 8 – 9)					
Keusevak 2 (gr. 8 – 9)					
			Bedrag betaalbaar		**R**

Leerder 3:

Van			Volle Name		
Noemnaam			ID Nommer		
Gestremdheid?	Ja	Nee	Geslag	Manlik	Vroulik
Graad waarvoor nou registreer?			Her-registrasie (merk met X)		
Afrikataal (gr. 4-7)			Jare in Afrikataal reeds voltooi:		
Keusevak 1 (gr. 8 – 9)					
Keusevak 2 (gr. 8 – 9)					
			Bedrag betaalbaar		**R**

		Administrasiefooi (eenmalig per gesin)	**R 400**
NB: Kontantbetalings: Tel 'n verdere 2% by totale bedrag vir bankkostes		**TOTAAL (Leerder 1 + 2 + 3)**	**R**
		Bedrag inbetaal by bestelling	**R**
Datum vereffen:		**Datum van betaling**	

Het die leerders toegang tot 'n rekenaar tuis?	Ja	Nee
Mag ons u kontakbesonderehede vir ander tuisskoolouers naby u verskaf?	Ja	Nee

Watter grade is reeds by Moria Tuisskoolmateriaal afgehandel of tans besig? (omkring u keuse)

GEEN	0	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

Waar het u van Moria gehoor?

_____

BANKBESONDERHEDE
Moria Tuisskoolmateriaal
Tjekrekening
ABSA-bank Potchefstroom
Rekeningnommer: **0104 1410 244**
Takkode: 632005

ONDERNEMING / KONTRAK

Moria Tuisskolmateriaal Bk word hierin later genoem Moria. Die materiaal wat deur ons ontwikkel is, word ten volle beskerm onder die "Wet op Outeursreg", wet no. 98 van 1978 soos gewysig deur Wet no. 56 van 1980. Dit mag onder GEEN omstandighede aan staatskole, privaatskole wat staatsubsidie ontvang, privaatskole, onderwyssentrums, nasorgsentrums, ander tuisskoolouers, tuisonderwyshulpsentrums, kerkskole of enige opvoedkundige instansie of opvoedkundige hulpinstansie of aan enige iemand anders beskikbaar gestel word nie, hetsy deur kopiëring deur uself, of deur 'n ander party in sodanige posisie te plaas dat kopiëring deur hom/haar kan plaasvind nie. Geen gedeelte van enige boek mag gereproduseer, in 'n inligtingstelsel bewaar, of versend word in enige vorm of op enige manier, hetsy elektronies, meganies, fotokopiëring, plaat- of bandopnames of andersins. Regstappe sal teen oortreders geneem word. Daar mag ook GEEN kopieë van enige werkkaarte gemaak word nie. 'n Tweede leerling uit dieselfde gesin moet deur Moria van die nodige werkkaarte voorsien word. Verder mag geen "Moria Publikasie" waarvan Moria die outeursreg hou, deur enige kliënt verkoop word nie.
Geen produk (boeke ens.) wat by Moria aangekoop en van Moria ontvang is, mag teruggestuur word nie. Moria koop dus nie gelewerde produkte terug nie en doen nie terugbetalings ("refund") nie. Indien Moria 'n bestelling foutief gelewer het, of 'n item 'n fabrieksfout het, moet u skriftelik van Moria magtiging kry om dit op eie koste terug te stuur. U sal ook verplig wees om volgens hierdie ooreenkoms, die betrokke items binne 10 dae, na die datum waarop Moria die foutiewe items aan u versend het en in dieselfde toestand as waarin dit ontvang is (nuut), aan Moria terug te stuur. Die foutiewe produk sal vervang word. In die uitsonderlike geval waar Moria skriftelik ooreenkom om enige gelde aan u terug te betaal (om watter rede ookal), sal terugbetaling eers geskied nadat skadeberekening gedoen is en die boeke, wat wel in 'n perfekte toestand terug ontvang is, weer as nuut verkoop kon word. 'n Addisionele 10% hanteringsfooie sal bygereken word.
Dit is elke ouer se eie verantwoordelikheid om jaarliks, in Augustus, 'n eksamenregistrasievorm van Moria aan te vra indien hulle dit nog nie per e-pos ontvang het nie. As gevolg van eksamenadministrasie sal boeke nie versend word vanaf 15 September tot 27 Desember nie. Boekversendings vind plaas volgens reflektering van betalings op Moria-bankstate. Sodra u betaling by ons reflekteer, word die geld aangewend vir u boeke. Registreer dus so spoedig moontlik om daarvolgens gehelp te word wanneer boekversendings hervat.
TUISONDERWYS WETGEWING: Moria is nie 'n skool nie maar 'n uitgewer van 'n onderwyskurrikulum wat pakkette bemark, akademiese hulp gee en ook assessering doen. Die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid vir suksesvolle voltooiing van die werk op die korrekte standaard en onderwysvereistes, berus volgens wet by die ouers en nie by Moria nie. Vir ouers verplig wetgewing onder andere die volgende:
1) Hou 'n register van watter dae kinders onderrig was.
2) Hou 'n portfolio-rekord van alle skriftelike werk gedoen, kwartaaltoetse en -eksamens geskryf en enige ander onderrighulp. Bewaar rekords totdat die kind nie meer skoolpligtig is nie, aangesien onderwysdepartementele inspekteurs daarna mag vra.
3) Kinders moet jaarliks geëksamineer word (sien voorskrifte vir assessering in ons "Tuisonderwyshulp" brief wat u saam met die boeke ontvang). Die evalueringsverslag / rapport toon of hulle die werk bemeester het.
Ten slotte: ons doen ons uiterste bes om u onderrigmateriaal so gou moontlik te lewer. Die uitsonderlike aard van ons materiaal bring egter mee dat dit nie altyd vinnig genoeg beskikbaar is nie. Ons vra asseblief geduld. Gebruik die boeke wat nog nie gelewer is nie se tyd om die boeke wat reeds gelewer is te voltooi, sodat daar voldoende tyd is om boeke wat laat gelewer word, te kan deurwerk voor die eksamen. U onderneem dan om in hierdie verband nie ongeskik en/of beledigend te raak nie, want dan sal ons paaie moet skei.

C.J. de Villiers (namens Moria Tuisskoolmateriaal.)

<u>Ouer/voog voltooi:</u>

Ek, ... (volle voorname en van) ……(ID.no.), kliënt van Moria Tuisskoolmateriaal en vader/voog van die kind/ers …… , verklaar hiermee dat ek die dokument hierbo gelees het, ten volle begryp en daartoe instem. Ek verklaar dat ek nie onbillik forseer is om hierdie onderneming te teken nie en onderneem om my by die bepalings soos hierbo uiteengesit te hou en my onder geen omstandighede aan die skending of oortreding daarvan skuldig te maak nie.

Geteken op .....(dorp), op hierdie ..... dag van ..... (maand) 20 .....

Getuie 1: .....

……..
Handtekening (Tuisonderwysouer/-voog)

Getuie 2: .....